higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N770**(A)**(M24)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLEIDENDE KLEDINGKONSTRUKSIE N4

(10010444)

24 Mei 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLEIDENDE KLEDINGKONSTRUKSIE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Gee EEN term vir elkeen van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Word gebruik om naalde en spelde van jou werkplek op te tel

1.1.2 Word gebruik om smal, parallelle lyne te stik of om speldopnaaisels te maak

1.1.3 Word saam met patroonnatrekpapier gebruik

1.1.4 Pas netjies in die palm van die hand en word gebruik om los garing af te knip

1.1.5 'n Mat wat saam met die draaisnyer ('rotary cutter') gebruik word

1.1.6 Word gebruik om vir geenstik- ('no-sew') drukkertjies, drukknope en ogies

1.1.7 Enkelgaring, gevleg of geweef, beskikbaar in verskeie diktes, wydtes en 'grips'

1.1.8 'n Stoomyster aan 'n houer vas is wat 'n groot volume water bevat

1.1.9 Gee tuisnaaldwerksters die geleentheid om 'n professionele afwerking by hulle naaldwerk te voeg

1.1.10 Effekleurige, los geweefde materiaal, gewoonlik van katoen, wat meestal vir gordyne gebruik word

(10 × 1) (10)

1.2 Kies 'n woord/item uit KOLOM B om by 'n woord/item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A-Q) langs die vraagnommer (1.2.1-1.2.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Mandaryn	A	inslagdraad
1.2.2	Broderie anglaise	B	wol en sy
1.2.3	Diamantvormig	C	links, middel of regs
1.2.4	Handelspatroon	D	naatlyn
1.2.5	Sygaring	E	staankraag
1.2.6	Versterk/Stabiliseer	F	naatafwerkings
1.2.7	Stolpplooi	G	kartelskêr
1.2.8	Poliëster	H	skuinsstrook
1.2.9	Naaldposisie	I	tussenbelegsel
1.2.10	Knope	J	kontoerpylnaat
1.2.11	Dwarsdraadrigting	K	twee voulyne
1.2.12	Sigsagrande	L	sneespapier
1.2.13	Gekoord/Geriffel ('Corded')	M	ogiesborduurwerk
		N	buisboorsel
1.2.14	Rouleaustrook	O	viergat
1.2.15	Stiklyn	P	sinteties
		Q	lostorring

(15 × 1) (15)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf net 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Die afwerking van 'n mourand hang af van die patroonontwerp.

1.3.2 Die klap vir 'n opgestikte sak word van dieselfde patroon as die belegselpatroon gesny.

1.3.3 Die sakversterking wat die meeste op hemde gesien word, is klein, identiese driehoekies.

1.3.4 Die rygsteek is 'n lang, onegalige steek wat gebruik word vir fyn nate, opnaaisels, herstelwerk en rygplooie.

1.3.5 Die snyersham is 'n handskoen wat soos 'n kussing lyk en word gebruik om klein areas op 'n kledingstuk te pars.

1.3.6 Skuinsbandmakers word slegs as gids gebruik wanneer die materiaal gestik word.

1.3.7 Die torringmessie is 'n skerp instrument wat gebruik word om ronde gaatjies vir ogies of sleutelgatknoopsgate te maak.

1.3.8 Krytwiggies is ideaal om materiaal te merk.

1.3.9 Handwerknaalde is lang naalde, ook genoem strooinaalde.

1.3.10 Die rygnaald ('bodkin') het 'n hakie aan die een kant en word gebruik om 'n buisstrook na die regte kant te draai.

(10 × 1) (10)

1.4 Verskillende opsies word gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.4.1 Die hoogste punt van die boonste deel op 'n vrou se liggaam:

A Neklyn
B Borspunt
C Onder die bors
D Mousgat

1.4.2 Hierdie basiese opnaaisel is 'n eensteekvou in die materiaal en is hoofsaaklik dekoratief, maar dit kan ook gebruik word vir fatsoenering.

A Blinde opnaaisel
B Gevormde opnaaisel
C Eenvoudige opnaaisel
D Speldopnaaisel

1.4.3 Die voulyne van hierdie plooi word in een rigting gevou.

A Kristalplooie
B Sonstraalplooie
C Omgekeerde stolpplooi
D Mesplooie

1.4.4 'n Strook materiaal wat so gesny word dat dit gevorm kan word om te pas by die kurwe van die kant waar dit aangebring sal word.

A Gekombineerde belegsel
B Verlengde belegsel
C Gevormde belegsel
D Skuinsbelegsel

1.4.5 Die openinge van hierdie sakke maak deel uit van die styllyne van die kledingstuk.

A Klap/Opstaanklap
B Omgeboorde sak
C Heupsak
D Naatsak

1.4.6 Hierdie tipe mou word gesny as 'n verlenging van die lyfiegedeelte en is meesal noupassend.

A Ingesitte mou
B Dolmanmou
C Raglanmou
D Magjaarmou

1.4.7 Hier die tipe opening word meesal gebruik in die rompgedeelte van 'n meisie se rok of in mouboordjie-openinge.

A Aaneenlopend omgeboorde slippe
B Omgeboorde slipopening
C Slipopening
D Rolsoom

1.4.8 Hierdie steek versterk die begin en einde van 'n soom se stiksel.

A Priksteek
B Rygsteek
C Rygsteek
D Agtersteek

1.4.9 Stikwerk word gedoen aan die regte kant van die kledingstuk binne-in die groef van die eerste stiklyn.

A Bostiksel
B Steunstiksel
C Randstiksel
D Naatgroefstiksel

Kopiereg voorbehou

1.4.10 Hierdie pylnaat het 'n naattoelating in plaas van 'n wye pylnaatvou.

A Eenvoudige pylnaat
B Buustepylnaat
C Franse pylnaat
D Kontoerpylnaat

1.4.11 'n Handsteek, oorhandse steek hier en daar of 'n masjiensteek wat oor 'n klein opnaaisel gestik word

A Blinde opnaaisel
B Gespasieerde opnaaisel
C Geskulpte opnaaisel
D Speldopnaaisel

1.4.12 Staan bekend as 'n getailleerde naat, is geheel en al aan die regte kant van die kledingstuk met een stiksel naby die stikwerk

A Enkeloorslagnaat
B Oorslagnaat
C Platnaat
D Sierlasnaat

1.4.13 Word gebruik om volheid by die skouers, middellyn, heuplyn en moukop te verminder

A Rygplooie
B Rimpelplooiing
C Smokwerk
D Plooie

1.4.14 Hierdie tipe tooisel is beskikbaar in 'n wye verskeidenheid kleure, vorms en groottes en word gewoonlik aangebring aan 'n vasbindseintuur of 'n seintuur wat van materiaal gemaakwords

A Drukkertjies
B Gespes
C Hakies en ogies
D Knope

1.4.15 Garing wat gebruik word saam met ligte en mediumgewig katoen, nylon en linne

A Sygaring
B Knoopsgattwyn
C Katoengaring
D Poliëstergaring

(15 × 1) (15)
[50]

AFDELING B

VRAAG 2

Handelspatrone word algemeen in die tuisnywerheid assok deur jong opkomende ontwerpers gebruik. Beantwoord die volgende vrae gegrond op handelspatrone:

2.1 Noem enige VIER tipes inligting wat op die patrooninstruksievel van 'n handelspatroon verskyn. (4)

2.2 Verduidelik kortliks die doel van elkeen van die volgende:

2.2.1 Patroonstukdiagram

2.2.2 Snykant

(2 × 2) (4)

2.3 Noem enige DRIE patroonmerke wat op handelspatrone geïdentifiseer kan word. (3)

2.4 Handelspatrone word nie vervaardig om enige bepaalde persoon perfek te pas nie. Identifiseer DRIE maniere waarop mense en patrone verskil. (3)

2.5 'n Begrip van tekstielware is noodsaaklik om gehaltekledingstukke te vervaardig.

Verduidelik hoe die volgende afwerkingsprosesse die gehalte, voorkoms en eienskappe van natuurlike en sintetiese vesels verbeter:

2.5.1 Mercerisering

2.5.2 Antistatiese afwerking

2.5.3 Motbestand maak

(3 × 3) (9)

2.6 Noem enige DRIE natuurlike hulpbronne wat gebruik kan word om vesels vir die vervaardiging van tekstielware te vervaardig. (3)

2.7 Die onderliggende materiaal van 'n kledingstuk kan oorweeg word as hulpmiddels om 'n beter kledingstuk te maak.

2.7.1 Noem SES redes waarom tussenvoering op kledingstukke of dele van kledingstukke tydens die konstruksieproses gebruik word. (6)

2.7.2 Noem VIER tipes tussenvoering wat oorweeg kan word vir doeltreffende gebruik in die konstruksie van kledingstukke, veral vir sakke, mouboordjies en middelbande. (4)

Kopiereg voorbehou

2.8 Wanneer mens enige kledingstuk stik, moet mens die gehaltestandaarde vir nate en steke nakom.

2.8.1 Noem enige DRIE gehaltestandaarde vir nate. (3 × 2)

2.8.2 Stiksels moet professioneel gestik word, aangesien hulle waarde by die voltooide kledingstuk voeg.

Noem DRIE gehaltestandaarde met betrekking tot steke wat as belangrik beskou word. (3 × 2)
(2 × 6) (12)

2.9 Noem TWEE tipe hakies en ogies wat die beste sal pas by 'n professionele afwerking op 'n middellyfband. (2)
[50]

VRAAG 3

3.1 Bestudeer die diagram/skets van die naaimasjien in FIGUUR 1 hier onder en benoem die genommerde komponente soos aangetoon. Kies enige TIEN en nommer hulle volgens die volgende nommeringstelsel (3.1.1. tot 3.1.10).



(10)

FIGUUR 1

3.2 Noem TWEE metodes om ritse aan kledingstukopeninge aan te bring. (2 × 1) (2)

3.3 Noem TWEE van die belangrikste wenke vir die aanbring van ritse. (4)

3.4 Tydbesparingsapparate kan 'n duur byvoeging tot die naaldwerkkamer wees, maar het langtermynvoordele. Beveel TWEE tydbesparingsapparate aan. (2)

3.5 Naatafwerkings is tegnieke wat gebruik word om nate netjies af te werk. Watter DRIE faktore moet mens in ag neem wanneer jy oor naatafwerkings moet besluit? (3 × 1) (3)

3.6 Noem VYF naattegnieke wat aanbeveel kan word vir gebruik in kledingstukke. (5)

3.7 Naattegnieke is belangrik ten opsigte van die afwerking en gehalte van kledingstukke. Beantwoord die volgende vrae oor naattegnieke.

3.7.1 Bespreek kortliks hoe om die uitdunningstegnieke op kledingstukdele toe te pas om gehalte-afwerking te verseker.

3.7.2 Verduidelik hoe inkeping as tegniek gebruik word.

(2 × 4) (8)

3.8 Noem VIER gehaltestandaarde wat oorweeg moet word wanneer belegsels aangebring word om kledingstukdele netjies af te werk. (4 × 2) (8)

3.9 Noem enige VIER tegnieke wat gebruik kan word om die hoeke van opgestikte sakke te versterk, hetsy met die hand of met 'n masjien. (4 × 1) (4)

3.10 Noem VIER verskillende ritssluiters wat op 'n kledingstuk aangebring kan word. (4)

[50]

VRAAG 2

4.1 Kinderklere is duur as mens in ag neem dat kinders hul klere vinnig ontgroei. Raadpleeg die sketse hier onder wanneer die volgende vrae beantwoord word.



4.1.1 Noem enige VIER afmetings wat belangrik is wanneer mens kinderklere maak. (4)

4.1.2 'n Damesgroep in die buurt het jou genader om advies te gee oor hoe om kinderklere te koop. Noem enige AGT belangrike feite wat mens in ag moet neem by die aankoop van kinderklere. (8)

4.1.3 Noem VIER faktore wat mens in ag moet neem wat die eienskappe van materiaal bepaal, die manier waarop mens dit moet versorg en die doel waarvoor dit die doeltreffendste vir kinderklere gebruik kan word. (4)

4.1.4 Wanneer mens materiaal vir kinderklere koop, is dit belangrik om die garinginhoud van die klere in ag te neem. Noem SES eienskappe wat mens in ag moet neem om die regte keuses te maak. (6)

4.2 Bestudeer die sketse hier onder en verduidelik hoe mens rygplooie op die rompgedeelte van 'n meisie se rok vorm voor dit aan die middellyn van die lyfie vasgeheg word.



FIGUUR 2 (10)

4.3 Dit is uiters belangrik om kinderklere versigtig te kies. Noem enige VIER faktore wat mens in gedagte moet hou met betrekking tot die styl van 'n kind se kledingstuk. (4)

4.4 'n Kind se veiligheid is 'n belangrike aspek wanneer mens 'n finale keuse oor kinderklere moet maak. Bespreek kortliks veiligheid by die keuse van kinderklere. (4)

4.5 Gehaltestandaarde is uiters belangrik wanneer mens vasmaakmiddels aan enige tipe kledingstuk tydens die konstruksieproses van 'n kledingstuk aanbring. Verduidelik die gehaltestandaarde wat mens in gedagte moet hou wanneer die volgende gebruik word:

4.5.1 Rek (2 × 2) (4)

4.5.2 Hakies en ogies (3 × 2) (6)

[50]

TOTAAL AFDELING : 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou